

Aktiwiteit 4: Begrippe in digkuns

LU 2 ♦ AS 2.4.2e, 2.4.2f

Om jou geheue hieroor te verfris gaan julle nou in groepsverband 'n bespreking oor die volgende tegnieke hou en daarna individueel 'n vraelys voltooi. Maak seker dat elke leerder in die groep die begrippe ken voordat die vraelys voltooi word.

Bespreek die volgende begrippe:



Rym

Onder rym verstaan ons die herhaling van een of meer klanke. Dit kan gereeld of ongereeld in die gedig voorkom. Die rym moet 'n besliste funksie verrig en kan nie as blote uiterlike versiering dien nie. Rym moet 'n bydrae lewer om die skoonheid van die gedig te verhoog. Rym is klankelemente in die poësie.

Halfrym



Alliterasie: die herhaling van dieselfde konsonant/e in 'n versreël.

“en**b**edug**b**eur ons nou, 'n**b**ietjie**b**roos,
teen die **s**ieding in van die **s**wart**s**uidoos.”

Uit *Pella lê 'n kruistog vër*, deur George Weideman.

▪ **Assonansie:** die herhaling van dieselfde vokaal in 'n versreël.

“Onder die kameeld**o**rings langs die rivier se droë **loo**p
sit bondels mense by hul aardse goed
en wo**o**rde skiet so**o**s saadpeule **oo**p”

Uit *Pella lê 'n kruistog vër*, deur George Weideman.



Volrym

Dit kom voor wanneer vokale en konsonante as 'n groep herhaal word.
Ons onderskei verskillende soorte volrym:

Beginrym

Hier rym die beginwoorde van die versreëls met mekaar:

Vrolik kyk die tweetjies na mekaar,

olik vertrek hul later met 'n traan ...

Binnerym of middelrym

Hier vind ons 'n woord in die versreël wat rym met 'n woord aan die einde van dieselfde versreël:

“Stil in die duister lê 'k so en luister

hoe die spruite gesels en lag;

maar bowe die pak van my wolkedak

het die maan al lank gewag.

Uit *Die vlakke*, deur Jan F. E. Cilliers.

Dubbelrym

Hier rym twee lettergrepe van die voorafgaande vers met die twee lettergrepe in die daaropvolgende vers:

Waarom bly jy immer kind?

Liefde sal jy nimmer vind.

Rymskema

Die posisie van die rymwoorde in die versreël bepaal die rymskema:

- Paarrym: aa bb
- Omarmde rym: a b b a
- Kruisrym: a b a b
- Gebroke rym: a b c a
- Slagrym: a a a a
- Verslingerde rym: abaa baade
- Vrye vers: geen rympatroon
geen vaste ritme nie
strofes + versreëls nie ewe lank nie.

Rymdwang

Soms vind 'n digter dit moeilik om by die rymskema te bly. Die woord word dan verander om in die rymskema te pas. Vergelyk "kou" in plaas van "koue" in die volgende gedig:

In elke grashalm se vou
blink 'n druppel van dou,
en vinnig verbleek dit
tot ryp in die kou!

Uit *Winternag*, deur Eugène Marais.

Funksies van rym

1. Dis 'n belangrike vormelement en skep 'n patroon van ordelikheid.
2. Deur rym word 'n sekere atmosfeer of stemming geskep.
3. Rym is klankversterkend.
4. Rym verskaf 'n patroon en dien as bindmiddel.
5. Rym is 'n beklemtoningsmiddel: belangrike woorde word in rymposisies geplaas.
6. Staan die rymwoord aan die einde van die vers, word dit beklemtoon en kan dit die ritme beïnvloed.

Enjambement

Dit is wanneer een versreël sonder enige leestekens in die volgende versreël oorgaan. (in pause)

Funksies van enjambement:

1. Dit verdoesel (versteek, versag) die rym.
2. Dit het 'n uitwerking op beide die tempo en ritme. Enjambement kan die tempo versnel, byvoorbeeld by dramatiese gebeure.
3. Dit bevorder vloeiendheid.
4. Dit dien as bindmiddel tussen versreëls en tussen strofes.

Polisíndeton

Dit is die herhaling van voegwoorde om 'n sekere effek te skep, byvoorbeeld:

- Hy het gesing en gedans en gelag en gejubel van vreugde.

of of of

Beeldspraak

In 'n vergelyking word twee sake met mekaar vergelyk. Die woorde: soos, net, as, asof soos en nes, word gebruik om te wys dat daar gemeenskaplike kenmerke tussen twee vergelykbare sake is, byvoorbeeld:

- Die bedrieër is **so** slu **soos** 'n jakkals.
- Die bedrieër is **soos** 'n jakkals.
- Die bedrieër is **nes** 'n jakkals.

'n **Metafoor** stel twee sake wat met mekaar verband hou, gelyk aan mekaar, byvoorbeeld: was

- Die bedrieër is 'n jakkals.
- Die jakkals het haar verkul en met al haar spaargeld weggeloop.

Personifikasie is die vermensliking van die natuur, lewelope voorwerpe, diere en abstrakte begrippe. Menslike eienskappe word hieraan toegedig. Die uitken van personifikasie is nie voldoende nie, jy moet ook die funksie en doeltreffendheid daarvan kan onderskei.

- Die sterre knipoog vir die maan en glimlag oor die nuwe dag wat kom.

• Die wind huil om die hoek van die huis.

Metonimia is wanneer twee sake wat in noue verband staan met mekaar, in verband gebring word. Die belangrikste deel word verswyg.

- Sy lees **Opperman**. (digter se werke)
- Die soldaat het **lood** geëet. (dood)
- Sy het die **bottel** lief. (dronk)
- Els het 'n lekker **bord** geëet. (kos)
- Die **kroon** is in die moeilikheid.

Aktiwiteit 8: Literêre teks

LU 2 → AS 2.4.2a, 2.4.2b, 2.4.2c, 2.4.2d

Verhalende prosawerke word onderverdeel in: romans, novelles, kortverhale en sketse. Die volgende basiese strukturelemente kom by alle verhalende prosawerke voor. Die onderwyser gaan dit kortliks aan jou verduidelik.

Die verteller

'n Verhaal veronderstel altyd 'n verteller. Daar moet altyd onderskei word tussen die skrywer en die verteller van 'n verhaal. Die mening van die verteller is nie noodwendig dié van die skrywer nie. Ons onderskei drie soorte vertellers:

1. Alomteenwoordige verteller

- Vertel wat elke karakter sê.
- Vertel wat elke karakter dink en voel.
- Hy is orals teenwoordig: op elke plek, ruimte en tyd.

} Voordede

2. Derdepersoonverteller

- Beskik oor beperkte alwetendheid.
- Die skrywer beskryf die verhaal deur die oë van een van die karakters in die verhaal.
- Hierdie skrywer is aan die kant van die karakter. Hy bekyk en beleef die gebeure in die verhaal deur die karakter se gees.

Nadele: Verteller is nie so geloofwaardig nie.

3. Eerstepersoonverteller

- Dit is die ek-verteller.
- Die verteller is een van die karakters in die verhaal.
- Die verhaal word slegs uit sy eie gesigshoek vertel, dus weet hy nie wat die ander karakters dink en voel nie, maar slegs wat hy self waarneem of aflei uit hulle handeling of optrede.
- Die "ek-verteller" is die beste soort verteller om eie emosies en gevoelens te beskryf.

Fokalisator: persoon deur wie se gesigspunt/ogpunt die verhaal vertel word.

eksterne
verteller

Nadele →

Karakters

Die hoofkarakter is die sentrale figuur waarom die gebeure draai. Hy word die beste belig in die verhaal. Hy ondergaan karakterontwikkeling in die verhaal. Dit is die persoon wie die leser die beste leer ken en wie se innerlike en uiterlike die beste uitgebeeld word. Die persoon bly konstant op die voorgrond en is in die middelpunt van die ander karakters se gesprekke en gedagtes. Word soms ook ronde karakters genoem.

Newekarakters is bykomende karakters wat in die verhaal betrek word om die hoofkarakter te belig en die verhaalgebeure te bevorder. Hulle help om gestalte te gee aan die milieu waarin die hoofkarakter beweeg en verskaf die moontlikheid van botsing of konflik waarin die hoofkarakter sy innerlike kan openbaar. Die newekarakter ondergaan geen noemenswaardige karakterontwikkeling nie. Word soms ook plat of vlak karakters genoem.

Karakterbeelding

'n Karakterskets is 'n volledige beskrywing van die betrokke karakter. Inligting aangaande die karakter kan implisiet en eksplisiet aangebied word.

Eksplisiete karakterbeelding kan op drie maniere geskied:

- dit wat die verteller oor die karakter aan die leser meedeel
- dit wat die ander karakters van die karakter sê of van hom dink
- dit wat die karakter van homself dink en sê.

Implisiete karakterbeelding word oorgedra deur die optrede van die karakter waaruit die leser dan sekere afleidings moet maak:

- die voorkoms en die voorstelling van die karakter se omgewing
- uit die karakter se handeling en houding.

Identifikasie met die karakters en hulle lotgevalle: die leser word emosioneel betrek by die karakters. Dus vereenselwig die leser hom met 'n karakter of karakters omdat daar simpatie met die persoon is, die leser herken homself in 'n karakter, of 'n karakter word geïdealiseer. Die teenoorgestelde kan ook gebeur. 'n Karakter kan 'n leser afstoot sodat hy nie met hom kan identifiseer nie.

Botsings / konflik

1. Uiterlike botsings

Hierdie botsing assosieer 'n mens dadelik met geweld: swaarde, vuigsevegte, gewere en plofstof. Dit kan ook niefisiese botsings wees soos argumente en redenasies, selfs net 'n deurborende kyk.

2. Innerlike botsings

Dit is wanneer daar konflik in die karakter se gemoed is. Dit kan geestelik, emosioneel of moreel wees. Dit is wanneer 'n karakter oor emosionele aangeleenthede wroeg.

3. Botsing tussen die mens en sy omgewing

Dit is die botsing tussen die mens en die ruimte waarin hy hom bevind. Dit sluit ook in botsings tussen die mens en sy omstandighede binne die maatskaplike orde byvoorbeeld armoede, egskeiding, verslawing, ensovoorts.

4. Botsing tussen die mens en die natuur

Die natuur kan versimboliseer word in die woestyn, rivier of dier. Die daadwerklike botsing tussen 'n gekwete olifant en die man wat die sneller trek of die leeu wat die man bespring, is goeie voorbeelde hiervan.

Tema | Boodskap | Hoofgedagte

Die tema van die verhaal is die lewenswaarheid of -insig wat uit die verhaal voortspruit. 'n Tema is altyd universeel en is nie tyd-, ruimte-, omstandigheid- of karaktergebonde nie.

(Tema: dit waaroor verhaal gaan.)

Titel

Dit is die naam van die verhaal. Die titel is altyd veelseggend en ontsluit die verhaal. Dikwels word die tema van die verhaal in die titel aangedui. Soms dui die titel aan waar die verhaal afspeel. Die titel is by uitstek openbarend.

Ruimte / plek | Milieu | Agtergrond | Omgewing

Dit is die plek of ruimte waarin die verhaal afspeel.

Illusie (beeld) van die werklikheid

Dit is die verbeelde werklikheid, maar nie die werklikheid self nie. Dit kan wel gebeur, maar dit is nie die werklikheid nie. Die gebeure word lewensgetrou en geloofwaardig uitgebeeld.

Intrige

Die plan waarvolgens die verhaal ontwikkel, word die intrige genoem. Dit staan ook bekend as die raamwerk van gebeure. Die intrige dui op die volgorde waarin gebeure in 'n verhaal georganiseer is. In hierdie organisasie van gebeure speel oorzaak en gevolg 'n belangrike rol. Die intrige lei tot spanning. 'n Goeie verhaal se intrige is nie deursigtig nie. Omdat die leser nie altyd die gevolg van die een of ander gebeurtenis kan voorspel nie, is daar spanning en verseker dit dat die verhaal enduit gelees word.

Tyd

Vertelde tyd

Dit is die tydperk waaroor die gebeure afspeel, byvoorbeeld die 16de eeu, 1920, middag, aand.

Verteltyd

Dit is die tyd wat dit duur om die verhaal te vertel. By 'n geskrewe verhaal word dit aan die aantal bladsye of woorde gemeet.

Tydsverloop

Die gebeure in 'n verhaal word in 'n bepaalde tydsorde vertel. Dit is hoe die tyd in die verhaal verloop.

- Chronologiese tydsverloop

Dit is wanneer die tyd op mekaar volg ...

Oggend, middag, aand.

Januarie, Februarie, Maart.

- Achronologiese of fragmentariese tydsverloop

Die tydsverloop volg hier nie op mekaar nie, maar wissel mekaar af. Dit sluit in tydspronge en terugflitse, asook hede en verlede wat mekaar afwissel.

(Nie gedagtes dd verteller nie = soos in Fieda nie.
Fieda = chronologiese tydsverloop)

Slot van die verhaal

Daar is drie soorte slotte wat by verhale voorkom. Die gelukkige einde waar alles goed afloop, die een wat rampspoedig eindig en die verhaal wat 'n oop einde het.

- By die gelukkige slot word die held en sy geliefde herenig. Die toekoms lyk rooskleurig en die skobbejak is uit die weg geruim.
- By 'n verhaal wat ongelukkig eindig, leer ons dat die lewe nie altyd net mooi is nie. Die leser moet leer dat die lewe oorwinning én neerlaag bevat. Die slot van die verhaal stem die leser tot dieper nadenke.
- By 'n verhaal met 'n oop einde word die leser gelaat om self te besluit wat die uiteinde van die verhaal is.



(Belangrik vir leesbegrip.)



Leestegnieke

- Vluglees is wanneer 'n teks vlugtig gelees word om 'n oorsig oor die teks te verkry.
- Soeklees is wanneer daar na bepaalde inligting gesoek word sonder om die teks in sy geheel deur te lees.
- Begriplees is wanneer die inhoud met begrip gelees word om te verstaan.
- Studieles is wanneer die teks deeglik bestudeer word om die inhoud jou eie te maak.

Paragraafskakeling

- Teenstellende paragrafe is twee opeenvolgende paragrafe wat in kontras met mekaar staan.
- Aaneenskakelende paragrafe is twee opeenvolgende paragrafe waarin die inhoud van die paragrafe met mekaar aansluiting vind.

Leesvaardighede

LU 2 AS 2.1f, 2.2c, 2.2d, 2.2g

In 'n lees oefening is dit belangrik ...

1. om op te let na die titel van die teks:
Die titel openbaar gewoonlik die inhoud van die teks.
2. om te onderskei tussen 'n feit en 'n bewering mening
'n Feit is iets wat werklik bestaan en wat bewys kan word. Feite is kontroleerbaar en kan getoets word deur middel van eksperimente, waarnemings of navorsing. 'n Mening / bewering is 'n persoon se eie subjektiewe siening van 'n saak. Dit kan gewoonlik nie bewys word nie. Woorde soos glo, dink, voel, is oortuig, die meeste mense sê, altyd en almal is 'n aanduiding dat dit 'n bewering is. Menings is nie kontroleerbaar nie en berus op 'n persoon se eie ervaring en afleiding.
3. om te onderskei tussen subjektiewe en objektiewe uitsprake:

'n Objektiewe uitspraak is onbevooroordeeld en word nie gekleur deur persoonlike gevoelens nie. 'n Subjektiewe uitspraak is persoonlik gekleur en gee die persoon se eie mening weer.

4. om te onderskei tussen letterlike en figuurlike taalgebruik:

Onder letterlike taalgebruik verstaan ons dit wat werklik plaasvind.

Byvoorbeeld, die sin Hy kon slange vang het 'n letterlike en figuurlike betekenis. Letterlik beteken dit dat hy 'n slangkenner is wat weet hoe om slange te vang. Figuurlik gesproke beteken hierdie uitdrukking dat hy baie kwaad was.

5. om suggestie te verstaan:

Suggestie (verskuilde of geïmpliseerde betekenis) is dit wat nie direk verwoord word nie, maar dit wat die leser tussen die lyne moet aflei. Dit is wanneer 'n skrywer of spreker in sy mededeling 'n indirekte, bedekte boodskap oordra. Hy suggereer iets en die leser of hoorder moet sy eie afleiding daaruit maak.

6. om te verstaan wat ironie behels:

Ironie is wanneer daar op spottenderwyse presies die teenoorgestelde bedoel word van dit wat gesê word. Die woorde word dus nie letterlik opgeneem nie. Ironie is eintlik 'n teenstelling.

7. om te verstaan wat sarkasme behels:

Sarkasme is wanneer daar doelbewus met 'n ander die spot gedryf word deur presies die teenoorgestelde te sê as wat bedoel word. Anders as ironie maak sarkasme seer en het 'n bytende toon.

8. om retoriese vrae te kan uitken:

Dit is 'n vraag waarop daar nie 'n antwoord verwag word nie. Die doel van die vraag is slegs om die leser of hoorder te betrek by die gebeurtenis of inhoud van die teks.

9. om woordspeling te verstaan en te kan raaksien:

Dit is wanneer 'n skrywer speel met die verskillende betekenis wat 'n woord kan hê. Woordspeling word gebruik op 'n grappige wyse, veral sodat die woord weer nuut kan wees.

Voorbeeld: gesê nadat die rugbyspelers die bal goed laat lóóp het:

"Dit was nou werklikwaar BALdadige spel!" Baldadig kan dus verwys na die rugbybal, maar ook dat die spel uitgelate was.

10. om te weet wat 'n hiperbool is: (oordrywing)

'n Hiperbool is nie 'n opsetlike onwaarheid nie, maar iets word vergroot sodat dit indrukwekkend kan voorkom. 'n Hiperbool word baie in reklametaal ingespan om 'n bepaalde effek te verkry. Byvoorbeeld:

Net twee pilletjies in die oggend en daardie vetrolletjies verdwyn soos mis in die son.

Die pad is eindeloos (die pad eindig tog wel).

Ek het jou dit al 'n duisendmaal gesê (seker nie werklik duisend keer nie).

11. om **kontras** (antitese en paradoks) te verstaan:

- **Antitese** is wanneer twee kante direk teenoor mekaar gestel word om deur middel van kontras te beklemtoon.

Voorbeeld: Hy het hoog en laag gesweer dat hy niks daarvan weet nie.

- **Paradoksale teenstelling** is 'n indirekte kontras wat op die oog af soos 'n teenstrydigheid lyk. Dit is 'n skynbare teenstelling wat by nadere ondersoek 'n dieperliggende waarheid ontsluit.

Voorbeeld: Nog een so 'n oorwinning en ons is verlore.
"Stilbly is ook in antwoord, om die waarheid te praat, moet ek lieg."

12. om te weet wat 'n **cliché** is:

'n Cliché is 'n afgesaagde, holruggeryde uitdrukking of beeldspraak. Dit is iets wat oorbekend en te veel gebruik is. Dit het sy sprankel verloor en is onoorspronklik. Elke donker wolk het 'n silwer randjie.

13. om **karikatuur (spot)** te verstaan:

Dit is die bespotlike, grappige of komiese (ook verwronge) voorstelling van iemand of iets op so 'n wyse dat dit onnatuurlik en belaglik voorkom. Vergelyk in die verband spotprente van bekendes.

Aktiwiteit 4: Ken jy dié begrippe?

LU 2 AS 2.4.2e, 2.4.2f

Bespreek die volgende begrippe met jou maat. Vra jou onderwyser om dit te verduidelik as julle dit nie verstaan nie. Bestudeer dit dan individueel totdat jy die leerstof bemeester het.



Titel

'n Titel of opskrif is altyd baie belangrik en vervul die volgende funksies:

- Die titel is openbarende en ontsluit of verklaar die inhoud.
- Die kerngedagte word gewoonlik deur die titel ondersteun.

Elisie

Elisie dui op die weglating van 'n beklemtoonde lettergreep om die ritme van die gedig te behou:

ek't in plaas van ek het

skeem'ring in plaas van skemering

Funksie van elisie:

- om in die metrum of ritme te pas
- versterk die metrum of ritme.

Ellips

(. . .)

Dit is die weglatingspuntjies in 'n gedig en staan ook bekend as stippels of die beletselteken. Die sin word nie voltooi nie.

Funksies van ellips:

- 'n Deel word verswyg sodat dit aan die leser se verbeelding oorgelaat word. Die leser moet self haar gedagtes invoeg.
- Dit kan ook 'n ruspouse aandui.
- Dit kan die aandag vestig op 'n belangrike deel wat volg.
- Dit kan 'n sekere atmosfeer skep.

Sinestesie

Sinestesie is die vermenging van twee of meer sintuie. Twee verskillende sintuiglike gewaarwordinge word tot een beeld verweef:

"Papegaai-bonteggo" is 'n voorbeeld van sinestesie.

"Papegaai-bont" is iets wat met die oë waargeneem word.

"Papegaai-bont eggo" kan ook gehoor word.

Uit *Bitterbessie Dagbreek*, deur Ingrid Jonker.

Tempo / Ritme

Tempo staan ook bekend as tydmaat en dui die snelheid van beweging aan wanneer geles of voorgedra word. Tempo kan stadig of vinnig wees.

'n Stadige tempo word bewerkstellig deur:

- ▣ lang klanke
- ▣ die herhaling van frikatiewe (skuur-) klanke, byvoorbeeld 'n v-klank, 'n g-klank, ensovoorts
- ▣ baie leestekens
- ▣ woorde wat beklemtoon word.

'n Vinnige tempo word bewerkstellig deur:

- ▣ kort klanke
- ▣ enjambement
- ▣ die afwesigheid van leestekens.

Progressie en regressie

Progressie is toenemende trapsgewyse opklimming. Progressie dui op vooruitgang en ontwikkeling. Dit is wanneer die gegewens oploop tot 'n hoogtepunt of klimaks. Progressie kan waargeneem word in die woordkeuse en hoe die woorde in 'n sekere patroon georden is: oulik, mooi, pragtig, verruklik!


Regressie is 'n toenemende agteruitgang of terugwerking. Die gegewens word met verloop slegter of swakker. Regressie is die teenoorgestelde van progressie. Dit is eintlik progressie in tru-rat.



Tipografie

Dit is die manier waarop 'n gedig gedruk is. Die inhoud van 'n gedig kan tipografies uitgebeeld word. Bestudeer die gedigte wat goeie voorbeelde is waar die inhoudelike deur die tipografie ondersteun word:

Vissies
 raak so
 bibberbang
 elke keer as
 jy een vang
 Wat is see
 en oseane?
 Nét
 maar
 vis-
 emosietrane



Uit *Moenie 'n mielie kielie nie!*, deur Philip de Vos, bl. 34.



Dieet

Rika Gilliers

sy het anorekties begin krimp
 in die laat seisoen: minder
 wat van koue ril, min
 geraak om aan te raak
 onbeminlik, minste
 wees, amper-
 stamper
 niks



Uit *Versreise*, saamgestel deur Adinda Vermaak e.a., bl. 43.

Tipografie sluit die volgende in:

- die uitleg
- die keuse van lettertype
- die wyse waarop reëls en woorde geplaas word:
 - tipografiese alleenplasing
 - tipografiese inkeping
 - tipografiese wit
 - strofebou
 - lengte van versreël
 - skuinsdruk (kursief)
 - hoof- en kleinletters
 - leestekens.

'n Enkele reël van 'n gedig staan bekend as 'n **versreël**. Word hierdie reëls saamgevoeg, staan dit bekend as 'n **strofe**.

Strofe-indelings:

- Twee versreëls staan bekend as 'n **koeplet**.
- Drie versreëls staan bekend as 'n **tersine**.
- Vier versreëls staan bekend as 'n **kwatryn**.
- Vyf versreëls staan bekend as 'n **kwintet**.
- Ses versreëls staan bekend as 'n **sekstet**.
- Agt versreëls staan bekend as 'n **oktaaf**.